Goudveld-Hoërskool

COVID-19: Emosionele bystand en ontwikkeling

Goutie

SBST

Goudveld-Hoërskool streef na die holistiese onwtikkeling, ondersteuning en bemagtiging van die leerder se psigiese, emosionele, fisiese, en geestelike gesondheid. Die benadering is ten gunste van die leerder en die wyer skoolgemeenskap.

Die volgende skrywe dien as aksieplan wat fokus op die psigiese en emosionele welstand van die leerder tydens die COVID-19 pandemie/ inperking en gevolge met die terugkeer na die klaskamer. Dié aksieplan fokus op die bemagtiging van die onderwyser.

TERAPEUTIESE ONDERSTEUNING:

1.1. DOELWITTE

- Vroeë identifisering en voorkoming is baie belangrik.
- Direkte leerder ondersteuning:
  - Voorsien ondersteuning deur terapeutiese intervensies.
  - Implementering van ondersteuningsstratigieë.
  - Terugvoer aan ouers/ voogde en onderwysers.
- 'n Samewerkingskanaal met betrokke departemente: SBST en Kinderleindingkliniek.

1.1.1. IDENTIFISERING

Hoe vroeër die identifisering van kommer areas, hoe meer suksesvol kan behandeling en ondersteuning geskied. Hier volg 'n lys van moontlike gevaartekens:

Interne gevaartekens:	Eksterne gevaartekens:
➢ Geïsoleerd van res van groep. ➢ Baie afhanklik van ander. ➢ Baie buierig. ➢ Versukkelende gedrag/ gevoelens. ➢ Lewe in 'n droomwêreld. ➢ Toon apatiese gedrag (lae entoesiasme en belangstelling). ➢ Word geboelie. ➢ Gereeld afwesig. ➢ Huilerig. ➢ "*Self-mutilating*" gedrag.	➢ Gereelde klasontwrigting. ➢ Verlies aan empatiese gedrag. ➢ Woede uitbarstings. ➢ Lae akademiese prestasie. ➢ Konflik met gesagspersone. ➢ Boelie ander. ➢ Vandalisme. ➢ Beskadig eiendom. ➢ Impulsiewe gedrag. ➢ Agressief.

1.1.1.1. Aanmeldingsproses:

Die aanmeldingsproses bestaan as volg: Indien 'n onderwyser/mentor of ouer/voog enige identifiseringsareas van kommer raaksien is dit baie belangrik om die leerder aan te meld.

Lyn van aanmeldingsproses: *(sien ook 1.1.2.3)*



1.1.2. TERAPEUTIESE INTERVENSIES

Die terapeutiese intervensie is gegrond op:

- Sifting,
- Identifisering,
- Assessering,
- Ondersteuning.

1.1.2.1. Sifting:

Die sifting van leerders kan geskied word deur identifisering van gevaartekens genoem in 1.1.1.

Ander platforms sluit in:

- Agtergrond inligting (Edlabs).
- Afsprake met ouers.
- Gesprekke met ander onderwysers (onder streng sensitiwiteit en vertroulikheid).

Tydens die Sifting "*Screening*" van leerders vir COVID-19 simptome sal daar ook 'n gedeelte wees waar die leerder oor sy/haar emosionele welstand kan praat; hierdeur kan gevaartekens bepaal word en uitreiking met ondersteuning sal gebied word.

1.1.2.2. Identifisering:

Sou daar beslisse tekens wees van kommer kan u die leerder aanmeld by Mnr. Lombaard. 'n Templaat van die aanmeldingsform word aangeheg as: "Aanhangsel A" van dié dokument. Hierna volg die assesseringsfase.

1.1.2.3. Assessering:

Die assesseringsfase vir die leerders sal begin by 'n mentor onderwyser. Elke leerder sal 'n mentor onderwyser hê wat weekliks by die leerder inloer om te verseker dat die leerder emosioneel stabiel funksioneer. Sou die vlak van emosionele ondersteuning buite die grense van die mentor val volg die lyn van ontwikkeling. Die area van ontwikkeling word dan deur die skool se psigometris Mnr. Lombaard bepaal:

Lyn van ontwikkeling:

- Sosiale, Emosionele, Psigiese Ontwikkeling:
  - ↓ Mentor onderwyser.
  - ↓ Psigometris: Mnr. Lombaard (skool).
  - ↓ SBST en Berader: Dr. Bertie Ferreira (skool).
  - ↓ Buite vaardigheidsvermoë van span: eksterne verwysing na praktisyn in dié veld.
- Kognitiewe Ontwikkeling:
  - ↓ Mentor onderwyser.
  - ↓ Psigometris: Mnr. Lombaard (skool).
  - ↓ Akademiese komitee van die skool.
  - ↓ Buite vaardigheidsvermoë van span: eksterne verwysing na praktisyn in dié veld.
- Skolastiese Ontwikkeling:
  - ↓ Mentor onderwyser.
  - ↓ Psigometris: Mnr. Lombaard (skool).
  - ↓ SBST en Akademiese komitee van die skool.
  - ↓ Buite vaardigheidsvermoë van span: eksterne verwysing na praktisyn in dié veld.
- Beroepsvoorligting en Vakkeuses:
  - ↓ Mentor onderwyser.
  - ↓ Psigometris: Mnr. Lombaard (skool) en Mev. Cronjé (L.O.)
  - ↓ Buite vaardigheidsvermoë van span: eksterne verwysing na praktisyn in dié veld.

1.1.2.4. Ondersteuning:

Die assesseringsfase is dikwels gegrond oor 'n langtermynproses en moenie as 'n vinnige oplossingsfase beskou word nie. Die ondersteuningsfase mag 'n meer tydelike korttermynproses bied wat die intervensies tydens die assesseringsfases beslis ondersteun.

Emosionele / psigiese probleme wat mag opduik tydens klastyd in die COVID-19 pandemie. Hier volg 'n lys stratigieë wat veral deur onderwysers/ mentors toegepas kan word om leerder tydens klastyd te ondersteun en te motiveer. Hierdie tegnieke kan ook in klastyd aan leerders voorgelê word om ook so self-bemagtigend te word oor hulle emosionele welstand.

- Stres:
  - Help met tydsbestuur.
  - Skep 'n positiewe atmosfeer.
  - Help met die oragnisering van take en toetse "deadlines".
  - Moenie laat leerders uitstel nie. Van uitstel kom afstel.
  - Neem projekte/ take/ lesse stappie vir stappie.
  - Moedig leerder aan om gesond te eet en gereeld te oefen.

- Angs/ Spanning:
  - Beoefen diep asemhalingstegnieke.
  - Ontspan en as moontlik laat leerder 5 minute buite staan/ ontspan.
  - Praat oor gevoelens; praat oor angs.
  - Moedig leerder aan om gesond te eet en gereeld te oefen.
  - Praat oor dinge waaroor mens dankbaar is.
  - Ondersteun en praat moed in waar nodig.

- Depressie:
  - Ontwikkel 'n persoonlike band/verhouding met die leerder.
  - Probeer enige negatiewe gedrag/ woorde/ aksies te vermy of te verminder.
  - Differensieër lesse; riglyne en advise kan by SBST of psigometris ontvang word.
  - Gee erkenning aan enige positiewe resultate en aksies.
  - Moenie enige tekens ligtelik opneem nie – mentor, ondersteun en motiveer.
    (Onthou om aan te meld sou dit buite vaardigheidsvermoë strek.)

- Emosionele uitbarstings:
  - Beskerm; onthou beskerm die leerder teen homself asook die leerders naby aan.
  - Moenie oorhaastig wees nie, dink mooi oor hoe jy die saak gaan benader.
  - Observeer die leerder; kyk na optredes. Redes vir enige emosionele uitbarsting.
  - Keer terug na die "normal" so ver as moontlik. Probeer die kollig weg vanaf leerder skyf.

- Bly kalm en fokus op die "ware" leerder eerder as op die emosionele uitbarsting.

- Stigmatisering/ Etikettering
  - Daar sal teen geen leerder, onderwyser, tereinwerker, en administratiewe personeelid gestigmatiseer word nie.
  - Die COVID-19 pandemie moet as 'n ernstige pandemie beskou word.
  - Praat oor feite en gevolge van COVID-19.
  - Deeglike navorsing en bespreking oor nuutste ontwikkelinge oor die virus/ pandemie kan behandel word.

By die siftingsfase en ondersteuningsfase neem die skool begrip dat dienste uitgeput mag word. Ekstra beraders is beskikbaar soos Ds. Christo en Ds. Ben wat meer as bereid is om hulle dienste gratis te bied in tye van nood.

1.1.3. IMPLEMENTERING VAN ONDERSTEUNING

Mentor onderwysers sal aangewys word oor 'n klein aantal leerders. Die mentor onderwyser kan deur middel van 'n WhatsApp boodskappie, klastyd, oproep, voor of na skool, of enige medium wat gemaklik is vir beide mentor onderwyser en leerder, inloer.

Daarna volg ons die kanaal van:

- Sifting,
- Identifisering,
- Assessering, en
- Ondersteuning.

1.1.4. TERUGVOER

Terugvoer oor vordering sal elke tweede week (of na verlang van belanghebbenes) gedoen word.

Diegene sluit in:
- Ouers/ Voogde,
- Mentors/ Onderwysers
- SBST
- Graadvoog.

-